



GOUDVELD-HOËRSKOO

EKSAMENREËLINGS

1. Vraestelle word deur opsteller self in boeke geplaas en pakkies opgemaak met die korrekte hoeveelhede. Kry 'n voorblad by mev. Hintzè, voltooi dit volledig en plaas bo-op elke pakkie vraestelle. Neem dit na mev. Hintzè.
2. Maak baie seker dat wanneer mnv. Hintze die vraestelle ontvang, sy dit in haar boek aanteken. U handtekening **MOET** in die boek verskyn om te bevestig dat sy dit wel van u ontvang het.
3. Indien meer as een onderwyser vir Gr. 10 – 12 verantwoordelik is, moet dit in aparte pakkies opgemaak word. Mev. Hintzè plaas die vraestelle in die raadskamer.
4. Verantwoordelike Senior Personeellid aan diens besorg vraestelle in vakkies in personeelkamer. Lys sal elke kwartaal op die kennisgewingbord verskyn.
5. Prosedure by uitdeel van vraestelle in toetsreeks en eksamens
 - 5.1 Personeel eerste op toesig neem vraestelle na die eksamenlokaal direk na opening. Personeellid wat uitdeel, tel die aantal vraestelle vooraf en voltooi die voorblad volledig – **parafeer**.
 - 5.2 Leerders verwyder alles van sy bank af.
 - 5.3 Die eksamenreëls word aan die die leerders deurgegee. As daar iets is wat nie reg is nie, gee kans dat hulle dit kan reg-maak.
 - 5.4 Leerder skryf al die gegewens op die antwoordstel, d.w.s sy naam, van, graad, ens.
 - 5.5 Onderwyser gaan saam met die leerders die vraestel bladsy vir bladsy deur om seker te maak dat elkeen se vraestel volledig is.
 - 5.6 Leerders kry 10 minute leestyd voordat hy begin skryf.
 - 5.7 Die leerders begin skryf op die voorgeskrewe tyd.
6. Personeellid wat antwoordstelle opneem, kontroleer die hoeveelheid en maak seker dat dieselde aantal ontvang word as wat uitgedeel is – **parafeer**.
7. Leerders wat twee sessies op dieselfde dag skryf, kry 15 minute pouse tussen sessies. Geen ander pouse nie.

8. Waar leerders skryf, moet deeglik toesig gehou word, sodat **GEEN** geleentheid vir ongerymdhede kan voorkom nie. Beweeg tussen rye en moet asseblief nie by die tafel sit nie. Daar mag ook nie met ander personeellede of leerders gesels word nie.
9. **LOS U KOLLEGA BETYDS AF SODAT U NIE 'N HELE KETTINGREAKSIE VEROORSAAK NIE!!!!**
10. Die dag voor die eksamen moet alle klasse se banke in ses rye geskuif word.
11. Sien toe dat u klaskamer betyds oopgesluit is.
12. Banke in klaskamers moet in maksimum 6 (ses) rye gepak wees en maak seker dat die eksamen-lokale netjies gehou word. **GEEN VRAESTELLE MAG UITGEDEEL WORD AS DAAR PAPIERE, ENS. RONDLÊ NIE.**
13. **GEEN** ekstra tyd word vir enige vraestel toegelaat nie. **Alle leerders moet gelyke kans gegun word om hul vraestel af te handel.**
14. Personeel vergader gedurende eksamen 12:45 in die personeelkamer vir kontrole. Almal moet daar wees vir kontrole aangesien ander reëlings soms ook deurgegee word.
15. Alle ongebruikte eksamenboeke en blaaië **MOET** asseblief na elke eksamensessie na mev. Hintzè teruggeneem word.
16. Enige probleem wat gedurende eksamentyd opduik, moet aan dr. Stolk gerapporteer word.
17. Leerders in moet alfabeties sit – elke kombinasieklas se leerders apart – steeds alfabeties.
16. Leerders mag **NIKS** by mekaar leen nie.
18. Moenie vraestelle in die personeelkamer los nie.
19. Wanneer leerders skryf, moet alle boeke en boeksakke onder die leerder se stoel of voor in die saal of klaskamer geplaas word. Om die boeksakke buite te los, skeep 'n risiko vir diefstal.
20. Geen rofwerkpapier word toegelaat wat nie deur 'n toesighouer gearafeer is nie. Ook de datum moet op die papiere verskyn.
21. **Slegs pen, potlood, uitveër, liniaal en sakrekenaar mag op die leerder se tafeltjie wees. Penne-blikkies en sakkies moet op die grond geplaas word.**
22. **GEEN** antwoordstelle mag voor die tyd opgeneem word nie.
23. Slegs sakrekenaartjies word in die eksamenlokaal toegelaat. **GEEN SELFONE OF ELEKTRONIESE NOTABOEK NIE !!!!**
24. **GEEN EKSAMENPUNTE MAG DIE VIERDE KWARTAAL AAN LEERDERS BEKEND GEMAAK WORD NIE.**

25. Normale skoolreëls geld gedurende die eksamen. Gedurende registerperiodes moet die register-onderwysers die leerders kontroleer en toesien dat hulle aan die skoolreëls voldoen. Leerders wat nie korrek gekleed is, of seuns wie nie geskeer het nie of wie se hare nie reg is nie, moet onmiddellik gerapporteer word. Die leerder sal eers huistoe gestuur word om reg te maak alvorens hy in die eksamenlokaal toegelaat sal word.
26. Dieselfde reëlins wat vir die Nasionale Matriekeksamen geld, sal dwarsdeur, vanaf Gr. 8 tot 12 toegepas word.

GEEN LEERDER MAG 'N VRAESTEL ONTVANG ALVORENS HY/SY NIE 100% AAN DIE SKOOLREËLS VOLDOEN NIE!!!